



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Fitomedisyne 365 (BOT 365)

Kwalifikasie	Voorgraads
Fakulteit	Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Modulekrediete	18.00
Programme	BSc Biochemie BSc Biotegnologie BSc Chemie BSc Genetika BSc Geografie BSc Geoinformatika BSc Mensfisiologie BSc Mensgenetika BSc Meteorologie BSc Mikrobiologie BSc Omgewingswetenskappe BSc Plantkunde
Diensmodules	Fakulteit Opvoedkunde
Voorvereistes	BOT 161 of TDH
Kontaktyd	2 lesing per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Engels
Akademiese organisasie	Plantkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2



Module-inhoud

Die module behels 'n oorsig van die ontdekking en gebruik van plantmedisyne en belangrike fito-geneeskundige molekules wat deur plante geproduseer word. Sekere aspekte van natuurlike produkte chemie soos die biosintese en ekologiese rol van die drie hoofgroepe sekondêre verbindings: terpenoïede, fenole en alkalioïede word bespreek. Die rol van hierdie natuurlike produkte in verdediging teen mikroorganismes en herbivore word behandel. ? Inleiding tot metabolomika en toepassings in die veld word bespreek. Die fundamentele beginsels van alternatiewe medisyne soos homeopatie, ayurvediese genesing, akupunktuur, en so meer sal ook bespreek word. Praktiese geneesmiddelontdekkings-benaderings sal met die hulp van chromatografiese tegnieke gevolg word vir fitochemiese analyses van sekondêre metaboliete soos tanniene, alkalioïede, sterole en saponiene. Biotoetse op mikroorganismes sal ook gedoen word tydens die praktikusessies met die doel om vaardighede te ontwikkel vir die moontlike ontdekking van nuwe antibiotikums. Besoeke na verskeie farmaseutiese laboratoriums word gereël.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.